SABoerperd
TELERSGENOOTSKAP | BREEDERS SOCIETY
www.saboerperd.com

2022
DOKUMENT A5 DOCUMENT

# STêRHINGS NOMINASIE & STêRVUL BEOORDELING
# *STAR STALLION NOMINATION & STAR FOAL JUDGING*


| | INHOUD | INDEX |
|---|---|---|
| *1* | INLEIDING | *INTRODUCTION* |
| *2* | REëLS & REGULASIES | *RULES & REGULATIONS* |
| *2.1* | FOOIE & ANDER | *FEES & OTHER* |
| *2.2* | DEKKINGS | *COVERINGS* |
| *3* | INSKRYWING & BEOORDELING | *ENTRIES & JUDGING* |
| *3.1* | MAKSIMUM AANTAL INSKRYWINGS PER HINGS | *MAXIMUM ENTRIES PER STALLION* |
| *3.2* | AANTEKENINGSVOORWAARDES | *RECORDING CONDITIONS* |
| *3.3* | BEOORDELING | *JUDGING* |
| *3.4* | VERBODE MIDDELS | *PROHIBITED SUBSTANCES* |


## 1. INLEIDING | *INTRODUCTION*

Die doel van die STêRHINGS veiling is om aan telers en eienaars van SA Boerperd merries die geleentheid te gee om dekkings van SA Boerperd hingste te verkry. Die ingeskrewe hingste kry so kans om hulself as teelhingste te kan bewys d.m.v. die prestasie van hul nageslag, ± 2 jaar later. Na die dekkings gekoop is, word merries genomineer om deur die betrokke hingste beset te word. Die vullens wat van die oorspronklik genomineerde merries afkomstig is, sal kwalifiseer vir die Stêrvul Kompetisie.
Daar mag later ryklasse geskep word waar die perde (vullens) wat aan die Stêrhings teelprogram deelgeneem het, onder saal geskou sal word.

*The aim of the STAR STALLION auction, is to give breeders and owners of SA Boerperd mares the opportunity to obtain coverings of SA Boerperd Stallions. The stallions that were entered in the Star Stallion Auction thus have the opportunity to establish themselves as breeding stallions through the accomplishments of their progeny ± 2 years later. After the coverings has been sold at the Star Stallion Auction, mare that will be covered to carry these foals, are nominated. Only the foals born as result of the Star Stallion program will be eligible to enter for the Star Foal competition.*
*Ridden classes, specified for Star Foals, may be included in subsequent show programs.*

Fondse wat deur die stêrhings / stêrvul projek ingesamel word, word as prysgeld vir die stêrvul wenners uitbetaal.
*Money generated through the Star Stallion / Star Foal project, will paid out as prize money in the Star Foal competition.*

Die duur van die proses van Stêrhings nominasie, tot Stêrvul beoordeling, is ± 2 jaar.
*The duration of the process from Star Stallion nomination to Star Stallion judging, is ± 2 years.*

- Die hings word genomineer en beskikbaar gestel vir dekkings soos hieronder beskryf.
  *The stallion is nominated and made available for coverings as described below.*
- Die dekking word opgeveil en aan die hoogste bod toegeken
  *The covering is auctioned off and awarded to the highest bidder.*
- Die merrie deur wie die stêrvul gedra sal word, word genomineer en in die daaropvolgende dekseisoen beset.
  *The mare that will carry the Star Foal, is nominated and covered in the subsequent breeding season.*
- Nadat die vul gespeen is, kan die vul kan deelneem aan die Stêrvul klas vir vullens onder 12 maande, daarna, met die jaar van die Stêrhings-Veiling gespesifiseer, deelneem.
  *After the foal has been weaned, the foal can be entered in the Star Foal class for foals under 12 months, with the year of the Star Stallion auction specified.*
- *Stêrvullens word as vullens onder 12 maande beoordeel, ongeag geslag.*
  *Star Foals are judged as Star Foals under 12 months, irrespective of gender.*
- Stêrvullens mag in die jaar van hulle Stêrvul beoordeling aan geen ander in-hand klasse deelneem nie.
  *Star Foals may not enter in any other in-hand classes in the year of their Star Foal judging.*

Hierdie reëls en regulasies mag van tyd tot tyd aangepas word soos dit nodig blyk te wees.
Die nuutste reëls en regulasies sal op die SA Boerperde webblad beskikbaar wees.
*These rules and regulations may, from time to time, be amended as deemed necessary.*
*Die current rules & regulations will be available on the web page.*

## 2. REËLS & REGULASIES| *RULES & REGULATIONS*

### 2.1 FOOIE & ANDER | *FEES & OTHER*

2.1.1 Alle fooie is betaalbaar aan die SA Boerperd Telersgenootskap se Stêrhings-fonds.
Alle gelde ingesemel deur die Stêrhings Veiling, word as prysgeld uitbetaal tydens die betrokke Stêrvul beoordeling.
*All fees are payable to the SA Boerperd Breeders' Society's Star Stallion fund.*
*The money raised from the Star Stallion Auction, will be paid out as prize money at the related Star Foal judging.*

2.1.2 Hingste word genomineer deur die eienaar teen 'n nominale fooi van R1000.00 per hings.
*Stallions are nominated by their owners at the nominal fee of R1000.00 per stallion.*

2.1.3 Met hierdie nominasie gee die eienaar van die betrokke hings toestemming dat **een dekking** van die hings tydens die Nasionale Kampioenskappe, of op enige ander platform soos deur die Raad bepaal, opgeveil mag word.
*With the nomination, the owner of the stallion gives permission that one covering of his nominated stallion can be auctioned off during the National Championships, or on any other platform specified by the SA Boerperd Board.*

2.1.4 Die dekking wat verkoop word tydens die Stêrhings-Veiling gee aan die koper van die dekking 'n **kopers opsie** om een **merrie van sy keuse** te kan laat dek. Die dragtige merrie word dan klaar genomineer as die vul se moer vir deelname aan die Speenoud Bouvorm klas (onder 12 maande) na geboorte.
*The covering as sold at the Star Stallion Auction, gives the buyer of the covering a **buyers option** to select **one mare of his/her choice** to be covered. The pregnant mare is nominated as the dam of the star foal that will compete in the weaned Star Foal class, under 12 months.*

2.1.5 Indien ʼn genomineerde hings se dekking nie verkoop word nie, het die eienaar van die hings die reg om **self** ʼn merrie van sy genomineerde hings te nomineer en daarna te laat beset. Daar sal geen verdere koste van die eienaar verhaal word nie.
If a nominated stallion's covering is not sold, the owner of the stallion has the right to nominate a mare of his choice to cover with the stallion. There will be no further costs involved.

2.1.6 Die eienaar van die hings waarvan dekking op die veiling verkoop is, het ʼn **skenkers opsie** as sy hings se dekking wel verkoop is. Dit beteken dat die eienaar vir ʼn addisionele nominale bedrag van R1000, ook ʼn merrie van die betrokke hings kan nomineer en laat beset na die datum van die veiling. Hierdie opsie kan hy ook aan iemand anders vir **ten minste R1000** verkoop as hy nie self ʼn merrie wil nomineer nie. Die **totale opbrengs** van hierdie verkope moet egter aan die kantoor vir die Stêrhings-fonds oorbetaal word.
*The owner of the stallion of which the covering has been sold, has a donor's option. This means that the owner of the stallion can, for the additional amount of* ***R1000.00,*** *nominate a mare of his choice to be covered by the stallion of which the covering was auctioned off. He can also sell his donor's option for R1000 to someone else if he doesn't want to nominate a mare himself. The* ***total income*** *of the sales however is payable to the SA Boerperd Star Stallion fund.*

2.1.7 Geen hings se dekking soos tydens die stêrhings-veiling verkoop, sal geldig of bindend wees indien die stêrhings-nominasie fooi van R 1000 nie betaal is nie, en die nominasievorm nie volledig voltooi en ingehandig is nie. Daar sal **GEEN** uitsonderings gemaak word nie. Die koper van die dekking het 30 dae (of andersins op die bieërs registrasievorm gespesifiseer), tyd om die geld oor te betaal aan die SA Boerperd Telersgenootskap.
*No covering sold at the Star Stallion auction, will be deemed valid or binding if the Star-Stallion nomination fee of R1000.00 is not paid, and the nomination form is not completed in full.* ***NO*** *exceptions will be made. The buyer of the covering has 30 days (or otherwise specified on the bidders registration form) to pay the money into the SA Boerperd Breeders Society account.*

2.1.8 Deelnemers aan die Stêrvul klas, sal in die jaar van die beoordeling self verantwoordelik wees vir die kostes van stalle.
*Participants in the Star Foal class, will be responsible for the stabling cost in the year of judging.*

2.1.9 Deelname aan die Stêrvul klas is nie outomaties nie. Deelnemers moet spesifiek daarvoor inskryf.
*Participation in the Star Foal Class is not automatic. Participants must specifically select the class to enter.*

2.1.10 Die merries wat beset gaan word, moet teen 31 Maart van die betrokke dekkingseisoen genomineer word. Dit gee die eienaar van die merrie ruim geleentheid om dragtigheid te bevestig.
*Mares that will be covered must be nominated by 31 March of the covering season.*
*This gives the owner of the mare ample opportunity to confirm pregnancy.*

## 2.2 DEKKINGS | *COVERINGS*

2.2.1 Indien ʼn hings sou vrek of onvrugbaar bewys word voor die einde van die dekperiode, en voordat die merrie dragtig verklaar is, sal die koper sy geld, wat hy vir die dekking op die veiling betaal het, kan terug eis.
*If a stallion dies, or is proofed infertile before the end of the covering season, and before the mare's pregnancy is confirmed, the buyer of the covering at the auction will be reimbursed.*

2.2.2 Indien die vul dood gebore is of later vrek, word dit as ʼn "Act of God" beskou en kan daar 'n ooreenkoms tussen die hings-eienaar en die merrie-eienaar aangegaan word, rakende ʼn verdere dekking. Die vul gebore uit die ooreenkoms, sal nie aan ʼn Stêrvul kompetisie kan deelneem nie. Die koper van die dekking en die hings-eienaar kan ʼn addisionele kontrak met mekaar sluit nadat die dekking bekom is waar hierdie gebeurlikhede duidelik omskryf sal word.
*Should the foal be stillborn or dies after birth, it will be deemed an "Act of God". An agreement can be made between the owner of the stallion and mare to arrange another covering. The foal born from such new arrangement, will not qualify to take part in the Star Foal Competition.*

*The buyer of the covering and the owner of the stallion can draw up an additional contact where the circumstances are described.*

2.2.3 Die dekkingsperiode vir die 2022 Stêrhings, is 1 Oktober tot 31 Januarie 2023. Enige vul wat buite die dekkingsperiode gebore is, sal NIE kwalifiseer vir die Stêrvul 12 maande & jonger klas, of toekomstige ryklassesklasse gekoppel aan die betrokke jaar nie.
*The covering period for the Star Stallion 2022, is 1 October to 31 January 2023. Any foal not born within the covering season, will NOT qualify for Star Foal Competition under 12 months, or any other ridden class linked to that year.*

2.2.4 Indien geen merrie wat deur die aangewese hings gedek is, dragtig word, of 'n vul gebore word uit die dekking nie, MAG die eienaar enige gekeurde hings nomineer as plaasvervanger, mits dit binne die datum soos vasgestel bly.
*It the case where none of the mares nominated for covering by a specific star stallion fall pregnant, or no foal be born from this covering, the owner of the stallion may nominate any registered stallion as substitute, as long as it falls within the determined time frame.*

2.2.5 Alle merries moet getoets word vir dourine voor hulle by die hingste kom.
*All mares must be tested for dourine before being taken to the stallion.*

## 3. <u>INSKRYWINGS & BEOORDELING | *ENTRIES & JUDGING*</u>

### 3.1 MAKSIMUM AANTAL INSKRYWINGS PER HINGS | *MAXIMUM NUMBER OF ENTRIES PER STALLION*

Na aanleiding van bg., sal daar altyd 'n **maksimum van twee** vullens per genomineerde hings aan die jaarlikse Stêrvul klas (slegs vullens jonger as 12 maande), kan deelneem.
Geen kruisinskrywings met In-Hand Skouklasse vir Hingsvul / Merrievul jonger as 12 maande word toegelaat nie.
In the light of the above, there will always be 2 eligible foals from one stallion to enter the Star Foal (Foals younger than 12 months only), competition.
No cross entries with other in-hand classes (Colt- / Filly classes younger than 12 months), are allowed.

### 3.2 AANTEKENINGVOORWAARDES | *RECORDING CONDITIONS*

Slegs aangetekende SA Boerperd vullens volgens die prosedures in DOKUMENT B2 vervat, kom in aanmerking om vir die Stêrvul kompetisie te skryf.
Only foals recorded according to the procedures stipulated in DOCUMENT B2, are eligible to enter for the Star Foal competition.

#### 3.2.1 Aantekening | *Recording* (Verw. | *Ref*. Document B2, Item 4.3.2)

Slegs geregistreerde telers kan: | *Only registered breeders can:*

a) 'n voorvoegsel as stoetteler registreer;
*register a prefix as stud breeder;*
b) 'n erkende kenmerk-letter (kuddebrand) gebruik;
*use an approved stud brand identification;*
c) 'n vul aanteken.
*give birth notification.*

Indien die vaar of moer van 'n vul nie aan die teler behoort nie, moet 'n dekkings- of leensertifikaat deur die eienaar van sodanige dier ingevul, onderteken en ingehandig word. (Verw. DOKUMENT B2, Item 4.6.1)
*If the sire or dam of a foal does not belong to the breeder, a covering-, or loan certificate must be filled in by the owner and presented to the office. (Ref. DOCUMENT B2, Item 4.6.1).*

### 3.2.2 DNS van vullens | *DNA of foals*

Bewys van die DNS verifiëring van ouerskap van die vullens moet voor die beoordeling bevestig wees by SA Stamboek. DNS toetse soos tydens die vul aantekeningsproses by SA Stamboek, moes SA Stamboek reeds bereik het. ʼn Mikro-skyfie is verpligtend.

*DNA verification of parentage of the foals must be confirmed before the judging.*
*DNA tests will be required as for all other SA Boerperd foals.*
*A microchip is compulsary.*

### 3.3 BEOORDELING | *JUDGING*

3.3.1 Beoordeling vind plaas onder die beskerming van die SA Boerperd Telersgenootskap.
*Judging will take place under the auspices of the SA Boerperd Breeders Society.*

3.3.2 Drie beoordelaars sal die "high-low" metode gebruik om te verseker dat die beoordeling deursigtig is.
*Three judges will use the "high-low" system for judging to ensure a transparent process.*

3.3.3 Beoordelaars van die Nasionale Kampioenskappe sal aangewys word vir die beoordeling van die klas.
*Judges of the National Championships will be appointed to judge the class.*
Die Raad behou die reg voor om die finale besluit te neem t.o.v. die keuse van die beoordelaars.
*The final appointment of the judges is the prerogative of the Board.*

3.3.4 Daar kan voorsiening gemaak word vir uitdun-rondtes voor die finale beslissing.
The class can be pooled before the final judging takes place.

3.3.5 Die finale beoordeling is in geheel ʼn nuwe klas.
Final judging will be deemed as a complete new class.

### 3.4 VERBODE MIDDELS | *PROHIBITED SUBSTANCES*

Toetse vir verbode middels wat ook toetse vir groei stimulante insluit, sal op ʼn lukraak basis uitgevoer word. Die koste daarvan sal deur die Stêrhings-fonds van die SA Boerperd Telersgenootskap gedra word.
*Tests for prohibited substances, that also include grow hormones, will be done at an ad hoc basis.*
*The costs for the above tests, will be covered by the SA Boerperd Breeders Society's Star Stallion fund.*